



## Maties se losskakel draf eersdaags vir die Pumas uit

**Marnus Kok**

Die Pumas het die dienste van die Maties se losskakel Chris Smith bekom.

Pieter Burger, die Pumas se uitvoerende hoof, het bevestig dat Smith hom ná die Varsitybeker-reeks in Mbombela sal aanmeld.

Smith (23) is 'n oudleerling van die South African College High School (SACS) in Kaapstad en al die afgelope vier jaar deel

van die Maties se Varsitybeker-span.

Hy het die Westelike Provinsie se o.19-span in 2013 en dié provinsie se o.21-span in 2014 en 2015 verteenwoordig.

Smith sê dit was altyd as kind sy droom om Curriebeker-rugby te speel.

"Ek is opgewonde om deel van 'n beroepsan te wees. Dit gaan 'n uitdaging wees om my teen die beste spelers in die land te meet."

Die heelagter Barend Smit (22), wat die Goue Leeus se o.21-span verlede jaar aangevoer het, sluit hom Maandag vir 'n proeftydperk by die Pumas aan.

Smit, 'n oudleerling van die Hoër Tegniese Skool Middelburg, se kontrak met die Leeus is nie aan die einde van verlede jaar hernu nie.

Jimmy Stonehouse, die Pumas se direkteur van rugby, sê Smit is net vir 'n proeftydperk by hulle omdat hulle onseker is in wat

ter toestand hy is.

Smit het die Suid-Afrikaanse Skolesspan in 2014 aangevoer.

Stonehouse sê ook die losvoerspelers Jeandré Rudolph, wat verlede jaar vir die Luiperds en die Pukke uitgedraf het, sal binne vier weke sy terugkeer tot die speelveld maak.

Rudolph het aan die einde van verlede jaar 'n operasie aan sy enkelkligamente ondergaan.

Tuks se stut Andrew Beerwinkel sal hom ook weer ná die Varsity-

beker-reeks by die Pumas aansluit.

■ **Pumas se groep:** Agterspelers: Justin van Staden, Gerhard Smit, Devon Williams, JP Lewis, Ruwelin Ishele, Neil Maritz, Jerome Pretorius, Ryan Neil, Henrie Skorbinski, Gert Cronje, Chris Smith, Kobus Marais, Abrie Griesel, Reynier van Rooyen, Stefan Ungers.

**Voorspelers:** Ruan Lomm, Jeandré Rudolph, Willie Engelbrecht, Hilton Lobberts, Nardus van der Walt, Lambert Groenewald, Francois Kleinbans, Brian Shabangu, Reuben Johannes, Marnus Schoeman, Cameron Lindsay, Hugo Kloppers, Jannie Stander, Stefan Willemse, Jazz Fuzani, Louis Albertse, Marne Coetzee, Jakes Britz, Marko Janse van Rensburg, Simon Westraadt, Frankie Henne, Andrew Beerwinkel, Morgan Naudé, Kweri Moni, De Juy Terblanche.



Gee pad, ek is op pad na die Laeveld! Chris Smith verlede jaar in aksie vir die Universiteit van Johannesburg in die Varsitybeker-reeks.  
Foto: GALLO IMAGES